

Vuk'uzenzele



Produced by: Government Communication & Information System (GCIS)

English/Afrikaans

Junie 2021 Uitgawe 1



Living
with
vitiligo

Page 10



Siphelele's
sauce of
success

Page 8

Elderly prioritised in vaccination drive



■ Archbishop Emeritus Desmond Tutu was among those vaccinated at the beginning of Phase 2 of the vaccination programme.

Image: Western Cape Government

Phase 2 of the country's Coronavirus Disease (COVID-19) vaccination programme is

underway, with citizens over the age of 60 receiving their vaccines from 17 May. Eighty-seven vaccination sites

across the country opened their doors to the elderly at the start of Phase 2. Health Minister Dr Zweli

Mkhize said the number of vaccination sites will increase as Phase 2 progresses.

He explained that government's strategy to immunise citizens who are aged 60 and above, as part of the second phase, is due to the elderly being one of the most vulnerable groups who could become ill or die as a result of COVID-19.

Religious leaders were among those who received their vaccines at the start of Phase 2.

Reverend Frank Chikane, the Senior Vice President of the South African Council of Churches (SACC), was vaccinated at the Esangweni Community Health Centre in Tembisa.

"We came here because we wanted to show the way... As leaders we wanted to show that vaccines don't kill, they help you," he said.

Chikane added that South Africans are no strangers to vaccines and that most people were vaccinated against various diseases as children.

"We all grew up with vaccines... When you went to school, you went with a card

that showed which vaccines you took... and all of us are what we are because of vaccines. There's no reason for people to fear vaccines. They are meant to help you."

Protection for the vulnerable

Bishop Malusi Mpumlwana, the General Secretary of the SACC, encouraged South Africans to "embrace the gift of God in science".

He added that vaccines are important if the country is to achieve population immunity, which will also protect the most vulnerable in society.

Government aims to inoculate five million senior citizens by the end of June, provided there is enough supply of vaccines.

South Africa's vaccination programme currently uses the Johnson & Johnson (J&J) vaccine and Pfizer vaccine, but citizens cannot choose which vaccine they will receive at this stage.

Cont. page 2



To read Vuk'uzenzele download the GOVAPP on:



Search for SA Government on Google playstore or appstore

CONTACT US

Website: www.gcis.gov.za
www.vukuzenzele.gov.za

Tshedimosetso House:
1035 cnr Frances Baard and Festival streets, Hatfield, Pretoria, 00083



Vuk'uzenzele



@VukuzenzeleNews

Email: vukuzenzele@gcis.gov.za
Tel: (+27) 12 473 0353

FREE COPY NOT FOR SALE



Israel, Palestina word gevra om Suid-Afrika na te boots deur vrede na te streef

Ons ervaring van ons land se demokratiese oorgang is 'n les oor die mag van empatie, onderhandeling en kompromis.

Die verergerende situasie in Israel en Palestina bevestig weereens wat ons as Suid-Afrikaners al te goed weet – dat onversetlike konflik slegs deur vredsame onderhandeling opgelos kan word.

Dit demonstreer ook dat tensy die grondoorsake van 'n konflik aangespreek word – in dié geval, die onwettige okkupasie van Palestina deur Israel en die weiering van die Palestynse mense se reg tot selfbeskikking – vrede en versoening buite bereik sal bly.

Die nuutste geweld is aangewakker deur 'n Israeliese hof se beslissing om in die Sheikh Jarrah-buurt in Oos-Jerusalem 'n groep families daar woonagtig te ontset om plek te maak vir Israeliese nedersettings.

Om te sien hoe mans, vrouens en kinders verwyder word uit die huise waarin hul families vir geslagte lank gewoon het, bring pynlike gedeelde en persoonlike herinneringe na vore vir die meerderheid Suid-Afrikaners – herinneringe van geforseerde verwyderings en grondonteining.

Dit was pyn en vernedering wat my eie familie, en baie Suid-Afrikaanse families, deurgegaan het. My gesin is op twee geleenthede gewelddadig na verskillende dele

van die land geskuif.

Om met 'n vuurwapen uit jou huis geforseer te word is nie maklik om te vergeet nie en die nagevolge van só 'n trauma duur geslagte lank.

Ons, as 'n land, leef steeds met die blywende nagevolge van die gevoellose dade wat in die naam van apartheid ruimtelike beplanning gepleeg is.

As mense wat glo in gelykheid, geregtigheid en menseregte kan ons nie anders as om geroer te word en inderdaad ook kwaad te word oor die pyn en vernedering wat die Palestynse mense aangedoen word nie; want dit eggo ons eie geskiedenis van pyn en vernedering.

Met hierdie dade oortree Israel internasionale wetgewing. Hulle verontgaam herhaalde beslissings van die Verenigde Nasies se Veiligheidsraad wat aandring op 'n einde aan die okkupasie van Palestynse grond en die verwesenliking van die Palestynse mense se regte.

Sedert Israeliese magte verlede week aanvalle op aanbidders by die Al Aqsa-moskee in Jerusalem geloods het, het die geweld intussen die Gazastrook, groot gedeeltes van die Wesoewer en 'n aantal Israelitiese stede verswelg. Dit het dosyne mense, waaronder kinders, se lewens geëis.

Dit is ook baie kommerwekkend dat Israeliese magte 'n multiverdiepinggebou wat 'n aantal media-organisasies gehuisves het, vernietig het en



sodoende 'n kil boodskap aan die media wat oor die geweld verslag doen, gestuur het.

Die sinnelose en voortgesette Israeliese bombardering van Gaza sal verwoestende gevolge vir die meer as twee miljoen mense hê wat vir die afgelope 14 jaar onder 'n onwettige Israeliese blokkade ly.

Ons doen 'n beroep op alle betrokke partye om selfbeheersing toe te pas, respekte vir menselewens te toon en die huidige aggressie te staak.

Ons, as Suid-Afrika, is daar toe verbind om deel te wees van internasionale pogings wat ten doel het om weer 'n politieke proses aan te wakker wat sal lei tot die vestiging van 'n lewensvatbare Palestynse staat; 'n Palestynse staat wat sy-aan-sy in vrede met Israel en binne internasionaal erkende grense kan bestaan.

Die tweestaat-oplossing

bly die mees lewensvatbare opsie vir die mense van Israel en Palestina en moet steeds ondersteun word.

Net soos wat Israeliese magte aanbidders by die Al Aqsa-moskee aangeval het, is ons besig om voor te berei om die eeufees van die Bulhoekslagting by 'n godsdienstige plek in Ntabelanga in die Oos-Kaap te herdenk.

Op 24 Mei 1921 het koloniale veiligheidsmagte, gewapen met masjiengewere en artillerie, op aanbidders losgebrand. Meer as 160 mense is dood en byna 130 beseer.

Die slagting het nie net die brutaliteit van die polisiemag van die Unie van Suid-Afrika blootgelê nie, maar ook die rassistiese stelsel wat dit moes handhaaf.

Net soos die geskil in die Sheikh Jarrah-buurt, was die gruweldaad by Bulhoek nie net weens 'n plaaslike geskil

nie; dit was fundamenteel oor die geforseerde onteining van grond, oor koloniale okkupasie, oor rassediskriminasie en oor gewelddadige onderdrukking van onenigheid.

Wanneer ons nadink oor die krisis in die Midde-Ooste en veral die lyding van die Palestynse mense, sal dit vir ons raadsaam wees om die woorde van Selby Msimang, stigterslid van die African National Congress, te herroep.

Na aanleiding van die Bulhoekslagting het hy geskryf: "Geskiedenis dui daarop dat die menslike siel van nature teen ongeregtigheid in opstand kom."

Die betogings en die opstand van die onderdrukte mense van Suid-Afrika teen kolonialisme en apartheid het die waarheid van dié woorde bewys.

Ons, as mense met 'n liefde vir vryheid en geregtigheid, staan saam met die Palestynse mense in hul soek tog na selfbeskikking, maar ook in hul weerstand teen die ontneming van hul menseregte en die weiering van hul waardigheid.

As burgers van 'n land wat sy rug kon draai op rassehaat en bloedstorting en 'n inklusiewe samelewning kon bou wat geanker is in menseregte vir almal, is dit ons gedeelde hoop dat die mense van Israel en Palestina 'n soortgelyke pad sal volg; dat hulle mekaar sal vind and dat hulle vrede sal vind.

Beskerm jou kinders teen kuberafkouery

WNNR-DESKUNDIGES gee wenke hoe tegnologie gebruik kan word om kuberafkouery te bekamp.

Kgaogelo Letsebe

Die wreedheid en vernietigende gevolge van kuberafkouery onder kinders is die afgelope maande weer eens blootgelê.

In 'n onlangse geval van kuberafkouery is Lufuno Mavhunga, 'n Graad 10-leerder van Mbilwi Sekondêre Skool in Limpopo, oorlede weens selfdood nadat sy deur 'n ander leerder aangerand is. Mavhunga het 'n oordosis voorskrifpille gedrink nadat 'n video van die aanranding op sosiale media gedeel is.

Kuberekuriteitsdeskundiges van die Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsingsraad (WNNR) sê dat kuberafkouery uiters skadelik vir kinders is en kan lei tot

depressie, hartseer, woede, frustrasie, angs en vrees.

"Dit kan ook lei tot 'n lae selfbeeld, misdadige gedrag, skoolgeweld, gesinsprobleme en selfmoordgedagtes," verduidelik Sipho Ngobeni, 'n senior navorser by die WNNR.

Kuberafkouery vind plaas wanneer iemand elektroniese kommunikasie gebruik om doelbewus 'n ander persoon te teister, dreig, verneder, intimideer, in die verleentheid bring of spot.

Volgens Ngobeni toon navorsing dat 41% van kinders na afleiding van kuberafkouery sosiale angs ontwikkel, 37% depressief raak, 26% selfmoordgedagtes kry en 25% hulself leed aandoen.

"Die bevindings dui daarop dat kuberafkouery

'n ernstige kwessie is... Dit is van sleutelbelang om alle betrokke partye te betrek – die jeug, ouers, opvoeders, wetstoepassers en sosiale mediamaatkappye – om hierdie probleem aan te spreek," voeg hy by.

Kuberafkouery vind meestal plaas op *Instagram* (42%), *Facebook* (31%), *Snapchat* (31%), *WhatsApp* (12%), *YouTube* (10%) en *Twitter* (9%). WNNR-deskundige, Rofhiwa Netshya sê dat daar 'n behoefte is aan openbare opvoeding oor alle vorme van kuberafkouery.

"Ons moet kinders leer dat kuberafkouery ernstige gevolge kan hê," sê sy.

Die WNNR werk tans aan die ontwikkeling van aan 'n platform om kuberafkouery in geselskamers te identifiseer.

"Die platform sal outomatisies kuberafkouery in geselsgroeppe identifiseer en gebruikers wat aanhou om haatspraak te stuur, blokkeer. Dit sal die gebruiker drie waarskuwingsboodskappe gee en, as hulle volhou, sal dit hulle blokkeer," sê Netshya.

Sy raai ouers aan om basiese internet-kontrolesagteware op hul kinders se toestelle te installeer om hul aktiwiteite te kontroleer.

"Daar is lae-kosteprodukte wat jou kinders se aktiwiteite onopsigtelik kan monitor en die bevindinge privaat en so dikwels soos wat jy verkieς aan jou kan epos. Dit is baie belangrik om die webwerwe wat besoek is, inhoud wat afgelaai is, gesprekke in geselskamers en onmiddellike boodskappe na te spoor."

Die WNNR bied die volgende wenke aan ouers wat vermoed dat hul kinders die slagoffers van kuberafkouery is:

- Maak seker dat jou kind veilig voel; gee onvoorwaardelike ondersteuning.
- Werk saam met jou kind om 'n plan van aksie uit te werk waarop julle albei ooreenkom.
- Bespreek die kuberafkouery-geval met die betrokke skool.
- Kontak die aggressor se ouers om ondersoek oor die saak in te stel en verwyder die aanstootlike materiaal.
- Rapporteer die saak aan die polisie in die geval van fisiese bedreigings of afdreiging, teistering, afpersing en die seksuele uitbuiting van minderjariges.
- Leer jou kind oor gepaste aanlyngedrag.
- Benadruk positiewe morele waardes. 

Vir hulp oor kuberafkouery, skakel Childline by 080 005 5555 of Lifeline by 011 728 1347.

Basic education focuses on more job creation initiatives

More Matshediso

The Department of Basic Education says discussions are underway to review and repackage the Presidential Youth Employment Initiative (PYEI), with a proposed second phase to start later this year.

An announcement will be made by the department once the details have been finalised.

The PYEI, implemented as the Basic Education Employment Initiative (BEEI) across all provinces, came to an end recently.

The initial duration of the programme, which started in December 2020, was four months. This was extended by a month, until the end of



April 2021.

Through the initiative, the basic education sector created employment opportunities for more than 320 000 education and general education assistants who were placed in schools across the country.

During the first phase of the

BEEI, more than 27 600 school governing body-funded posts at public schools and posts at government subsidised independent schools were saved thanks to the funding it provided.

"These posts came under threat due to schools experi-

encing financial distress, as a result of parents not being able to pay school fees due to the economic devastation caused by the Coronavirus Disease (COVID-19)," the department says.

The BEEI used direct public investment to create employ-

ment opportunities and provide support to workers negatively impacted by COVID-19.

"The initiative was funded to the tune of R7 billion... Of this, R4.47 billion was targeted towards providing employment opportunities for the youth."

Over 868 000 applications were received from youth when the initiative started. Of the more than 320 000 successful candidates, 67% were education assistants and 33% were general school assistants.

Education assistants helped with classroom preparation before lessons, supported teachers during lessons and managed learners after lessons.

General school assistants helped with learner screening and sanitising in the morning and during school hours. They also assisted with integrating information and communication technology in classrooms. 